Die Doop word vanoggend bedien aan twee verbondskindertjies: Aan Adolf van Drikus en Elzari Nortjé en aan Jandré van SJ en Liza Jansen van Rensburg. Baie geluk aan julle en baie welkom aan familie en vriende.

Tema: Getroue eenheid in God is die fondament van ŉ gelukkige huwelik en van die gesin wat daarop gebou word.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 464: 1,2,3,4 (Refrein vers 1: almal; refrein vers 2: susters; refrein vers 3: broers; refrein vers 4: almal)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 123 - 2: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 45 - 1: 1,6,9,10;
Geloofsbelydenis: 12 Artikels van die Christelike geloof.

Verootmoedigingsdiens
Wet: Fokus op die Sewende gebod
Lees Hosea 2: 1 – 12
Gebed van belydenis;
Lees Hos. 2:13 – 22
Sing: Ps. 97 – 2 : 5;

Sakramentbediening
Doopformulier
Sing na die doop: Ps. 89 - 1: 2.

Woorddiens
Skriflesing; : Maleagi 2: 11 - 16
Teks: Maleagi 2: 13 - 16
Sing Ps. 127 - 2: 1,2 (Eerste mel)
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 133 - 2: 1,2
Seën
Amenlied Sb13-2

Ek vra vriendelik dat almal van ons wat getroud is en wie se lewensmaat nog leef, sal opstaan: Die boodskap van vanoggend is baie spesifiek op julle gerig. Ongetroudes – die boodskap sal wel ook jou lewe aanraak.

Lees die huweliksbelofte uit die psalmboek

Geliefde gemeente

Die woord "getroud" is ŉ verbuiging van die werkwoord "om getrou te wees". ŉ Huwelik word dus in stand gehou deur "getrou te wees" aan die belofte wat jy gemaak het. Om jou te midde van alle omstandighede – positief en negatief – te hou by wat jy belowe het. Om getrou te wees aan die eenheid wat God tussen ŉ man en ŉ vrou geskep het toe hulle die huweliksbelofte afgelê het. Om getroud te wees beteken dus om betroubaar te wees.

Brs en srs, die getroue onderhouding van hierdie eenheid, die koestering en uitbou daarvan, die beskerming daarvan teen onenigheid of verdeling – dit is die fondament van ŉ huwelik wat God eer en ŉ huwelik wat die basis vorm van ŉ Christusgesentreerde gesin.

Huweliksliefde is ten diepste nie die gevoel van "ek hou van jou" of "jy vervul my" my of "jy is goed vir my" - wat natuurlik teenwoordig in so ŉ verhouding nie – dit is om jouself betroubaar te maak aan jou belofte van ewige eenheid. Dit beteken om getrou te wees aan die ooreenkoms wat jy gesluit het met die een wat jy as lewensmaat gekies het en met wie God aan jou een gemaak het. In vers 14 staan daar letterlik: die vrou van jou "verbond" – die vrou met wie jy ŉ ooreenkoms gesluit het.

Daarom sê die Here vanoggend vir ons: Getroue eenheid in God is die fondament van ŉ gelukkige huwelik en van die gesin wat daarop gebou word.

In ons teksvers openbaar die Here dat hierdie getroue eenheid in die huwelik op drie vlakke gehandhaaf moet word.
1. Getroue eenheid met God self
2. Getroue eenheid tussen man en vrou in die huwelik – met liggaam en gees
3. Getroue eenheid in die vorming van ŉ gesin

1. Getroue eenheid met God self
In vers 14 staan daar in die ouer vertaling: "die Here is getuie" van wat gebeur tussen man en vrou in die huwelik. Die Here is betrokke by hierdie verhouding, want man en vrou staan in die eerste plek in ŉ huwelik met God.

Maleagi begin hierdie preek oor die huwelik deur te verwys na die volk se ontrouheid aan Hom. Die Here het sy volk gekies as sy bruid - Hy het met hulle getrou – en hulle het die verbondsbelofte – "die huweliksbelofte" - verbreek deur hulle ongehoorsaam. Hulle het die Here uiterlik gedien met allerhande offers, eredienste en feeste, maar hulle hart wat nie by Hom nie. Hulle was net gerig op hulle eie belange.

Veral ook wat hulle huwelikslewe betref. Omdat God hulle gekies het as sy bruid het Hy ook beveel dat die volk net met gelowiges moet trou. Hulle mag nie getrou het met mans of vrouens uit die heidense nasies wat die Here nie dien nie – want hierdie mense sou hulle ontrou maak aan die Here. En die geskiedenis het dit oor en oor bewys.

Sodra iets of iemand anders vir die gelowige belangriker raak as die Here – dan vind daar “egbreek” – ontrou - tussen die gelowige en die Here plaas.

Hierdie verbod om met ongelowiges te trou – het die andersheid, die uniekheid van die gelowige beskerm. Brs en srs, ons wat in God glo is anders as die ongelowiges. Ons leef in die unieke bevoorregte posisie dat God ons gekies het as sy Bruid – Hy het eerste ŉ geloofshuwelik met ons gesluit. Christus het ons met sy versoeningsdaad een met God gemaak en ons moet aan hierdie eenheid getrou bly.

Daarom moet die gelowige versigtig kies met wie hy of sy trou. Ons unieke verhouding met God maak ook ons huwelike uniek – so anders as wat die ongelowige dit sien. Dit moet ŉ huwelike met ŉ gelowige wees wat hierdie unieke eenheid met God deel, anders kan daar nooit getroue eenheid in die huwelik wees nie. As man en vrou nie saam en getrou hulle eenheid met die Here uitleef nie, dan kan hulle ook nie waarlik een wees nie.

Brs en srs, hoe getrou leef dan ons huwelik met God uit?. En nou geld dit vir alle gelowiges: kinders, jongmense, ongetroudes, bejaardes, almal: leef ons in ŉ getroue eenheid met ons Here, ons Bruidegom? Het ons Hom eerste en bo alle mense lief? Hy wat ons gered het en met ons ŉ wonderlike, ewige huwelik gesluit het sodat ons altyd een met Hom kan wees – selfs deur die dood – tot in die ewige lewe? Is ons getrou aan sy Wil vir ons lewe?

Dien ons Hom met ons hele hart – of het daar ook al iets of iemand gekom wat ons getroue eenheid met die Here verbreek het?
Dalk ŉ sondige persoonlike begeerte van een of ander aard wat my hele leefwêreld en gedrag oorheers en my weg van die Here lei? Dalk ŉ lewensvraagstuk of bekommernis wat my aandag weglei van hoe die Here sorg en voorsien? Dalk omstandighede wat ek toelaat om my so te oorheers dat ek ontrou raak aan die Here. Of dalk iemand – ŉ vriend of vriendin, ŉ lewensmaat – wat my verhouding met die Here negatief beïnvloed.

En brs en srs, ons wat getroud is - is ons nog in die eerste plek saam getrou aan die Here? Soek ons saam in sy Woord na die wil vir ons lewe? Bid ons saam oor ons lewe en veral oor ons huwelik? Dien ons die Here saam in die erediens en ons gemeenskap van gelowiges? Hoevele kere gebeur dit dat net die man of net die vrou hierin getrou is aan die Here en ŉ mens sien die uitwerking daarvan in hulle huwelik en ook in die lewe van hulle kinders? Dat daar nie ware eenheid is nie?

Brs en srs, hierdie getroue eenheid met die Here – dit is die fondament van ŉ getroue huwelikslewe. Daarsonder sal daar nie van ware getrouheid of ware eenheid sprake kan wees nie. Kom ons wees dus in die eerste plek goeie Bruid van God en dan kan ons goeie bruid en bruidegom vir mekaar wees.

2. Getroue eenheid tussen man en vrou in die huwelik – met liggaam en gees
Die tweede vlak waar hierdie getroue eenheid sy neerslag moet vind is dan tussen man en vrou in die huwelik. Vers 14 praat van die verbond, die belofte wat tussen ŉ man en vrou gemaak is en dat hulle daaraan getrou moet bly. En nou vermaan die Here die volk ernstig om aan mekaar getrou te bly. Daar het ernstige verval in die huwelike van Israel ingetree en die Here waarsku hulle hier baie ernstig om getrou te bly aan mekaar.

Sommige verklaarders meen dat baie van die volk wat teruggekeer het na die ballingskap getrou het met nie-Jode ter wille daarvan om grond in die hande te kry en dat hulle – nou nadat hulle gevestig is – nie meer hierdie huwelike in stand wou hou nie. Andersins was daar maar net doodeenvoudig die sonde van die mens om deur seksuele begeertes of anders sondige begeerte gedryf te word om ontrou te word in hulle huwelike.

En daarom sê die Here weer die duidelik :
Wees getrou aan mekaar in die eenheid wat God tussen julle gelê het. Hou by jou belofte van trou. Die Here beskryf hierdie eenheid in vers 15 as "'n eenheid in liggaam en gees." En hieraan moet getroudes aan mekaar getrou bly. Egskeiding verbreek die eenheid tussen een man en een vrou – soos God die huwelik ingestel het. Die Here sê egskeiding is geweld – want dit breek hierdie getroue eenheid met geestelike, emosionele en self fisiese geweld.

Daarom moet man en vrou getrou wees aan mekaar se liggaam en gees. Kom ons kyk eers na getroue eenheid in liggaam.
Hiermee verwys die Here na die seksuele sy van die huwelik. Dat die Here hierdie gawe eksklusief binne die huwelik gegee het. Eksklusief beteken: dit sluit net sekere mense is en alle ander mense uit – dit is net vir man en vrou binne die huwelik gegee.

'n Mens moet jou voor die huwelik, maar ook binne die huwelik seksueel beheers sodat jy – terwyl jy nog ongetroud is – getrou kan wees aan die een met wie jy eendag gaan trou en as jy getroud is getrou kan bly aan jou man of vrou.

Brs en srs, ek hoef nie vanmore uit te spel hoe die duiwel vandag die seksuele begeertes van die mens misbruik om juis hierdie liggaamlike eenheid wat God daar gestel in die huwelik te vernietig nie. Die seksuele gawe tussen man en vrou word vandag deur alle media en op elke moontlike wyse voorgehou asof dit "ware liefde" is - of 'n mens getroud is of nie. Dit word veral buite die huwelik geteken as die bewys dat twee mense vir mekaar lief is.
Die norm vandag is dat liggaamlike eenheid voor die huwelik aanvaarbaar is en dat die huwelik daarop volg – as dit enigsins daarop sou volg.

Dit is die leuen van Satan: die gebruik van die seksuele gawe is nie ware liefde nie – om getrou aan die Here en getrou aan jou huweliksmaat te wees: dit is ware liefde. Wie ongetroud is en hierdie gawe buite die huwelik gebruik – pleeg reeds egbreek teenoor die een met wie jy eendag gaan trou.

Geliefdes, ons Bruidegom, Jesus Christus het ons een met Hom gemaak. Hy woon deur sy Heilige Gees in ons. En daarom kan ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees hierdie getroue liggaamlike eenheid ook handhaaf. Een van die vrugte van die Heilige Gees is selfbeheersing. Met selfbeheersing moet ek my seksuele begeertes en behoeftes voor en binne die huwelik so beheers – dat ek aan my man of vrou liggaamlik – getrou kan wees. Want alleen dan sal die seksuele gawe van God sy ware betekenis en vervulling kry.

Maar die Here sê : man en vrou is ook een in gees. Dit beteken dat man en vrou getrou moet wees aan mekaar in hulle geestelike en emosionele lewe. In vers 14 word in die 33 vertaling gepraat van die vrou as "jou metgesel van jou jeug af".

Man en vrou is maats vir mekaar. Hulle deel hulle diepste behoeftes, vrese en vreugdes met mekaar. Hulle vervul mekaar se behoeftes van intimiteit, van vriendskap, van maat wees, van geselskap. Hulle dra mekaar, help mekaar en dien mekaar. Hulle vergewe mekaar en bou mekaar op.

Br en sr – is jy nog so gefokus op jou huweliksmaat dat jy hierdie geestelike eenheid najaag? Kommunikeer ons nog genoeg met mekaar en bring ons genoeg tyd saam deur om bewus van hierdie behoeftes te wees en mekaar daarin te dien. Het werk, kinders of ander dinge nie dalk ons al so weg van mekaar laat dryf dat ons nie eens meer weet wat is my maat se diepste begeerte, vrese of behoeftes nie? Sovele getroude mense beleef vandag die pyn van ontrouheid – nie fisies nie – maar emosioneel en geestelik! Dat huweliksmaats ontrou aan mekaar geword het in die opsig en eintlik maar net ‘n huis met mekaar deel ter wille van iets!

Brs en srs, die enigste manier hoe hierdie geestelike eenheid in God getrou gehandhaaf kan word is om dit uit te leef met die opofferende, dienende liefde wat Jesus ons geleer het en wat Hy vir ons gegee het. Dat ek die minste moet wees, dat ek dien en nie gedien wil word nie. Dat ek vergewe en nie vergeld nie. Dat ek omgee en doen wat ek kan om te help. Met hierdie omgeeliefde as gawe van God – word die huwelik ’n wonderlike ervaring en voorbeeld van God se liefde vir ons. Bid daarom dat die Here aan jou sy liefde sal gee om dit weer aan jou lewensmaat te gee.

Dit is ook hierdie liefde wat ons almal as gelowiges aan mekaar verskuldig is. Hierdie liefde gaan ook verder as die huwelik: Die Here sê in Rom. 13 : 8 : wees aan niemand iets verskuldig nie – behalwe om mekaar lief te hê. Net so toegewyd, soos Christus aan ons, soos man en vrou in die huwelik, so moet ons mekaar ook liefhê. Ons almal staan in ’n geloofsverbond met mekaar en ons skuld dit vir mekaar. Kom ons gee dit ook aan mekaar.

3. Getroue eenheid in die vorming van ’n gesin
Die laaste vlak waarop die getroue eenheid toegepas moet word is in die vorming van ’n gesin. Die Here stel dit baie duidelik in vers 15: die doel van die huwelik is dat daar ’n nageslag sal wees wat die Here eer. Man en vrou is dus getrou aan mekaar om ook kinders voort te bring en saam, met hulle geloofslewe, met hulle huwelik en voorbeeld die kinders so op te voed dat die kinders die Here sal ken en eer. Gelowige kinders is dus ook ’n doelwit van getroue eenheid.

So vorm die huwelik die ruimte waarbinne ons die doopbelofte moet vervul. En ons as ouers moet aan ons kinders getrou bly in hierdie belofte. Niks en niemand anders mag tussen ons en die uitvoering van ons doopbelofte staan nie. Nie ons werk of ons omstandighede mag ook veroorsaak dat ons as ouers ontrou word aan ons kinders deur nie hierdie doopbelofte te vervul nie.

En wanneer ons hulle ook laat onderrig – deur die skool of kerk moet ons toesien dat hierdie onderrig getrou is aan wat ons as ouers aan God beloof het. Brs en srs, ons kan nooit as ouers ons primêre verantwoordelikheid aan ander afgee nie – nie aan kinderoppassers of kleuterskole of skole of kerk nie! Dit bly my en jou eie verantwoordelik wat ons getrou aan ons kinders moet bewys

Geliefde brs en srs, om getroud te wees beteken dus :

1. Wees getrou aan die Here, 2. wees getrou aan mekaar en 3. wees getrou aan die gesin wat God jou gee.

En soos alle beloftes wat ons voor God afgelê het sal ons ook eendag hiervan rekenskap voor God moet kan gee. Kom ons lê dus – reeds van jongs af – reeds voor ons getroud is – en veral ons wat getroud is - die grondslag vir ŉ gesinne as boustene in die koninkryk van God met huwelike wat God eer. Huwelike waarin ons die Here en mekaar eer deur getroue eenheid op alle vlakke.

Sonder sulke sodanige getroue een in God in die huwelik is daar geen Godvresende gesinne en kan die koninkryk van God nie gebou word nie.

Amen